

**SONDAGOGGEND 8 AUGUSTUS 2021**  
**Julle hartseer sal in blydschap verander**

**Johannes 16:16-24**

Tyd is regtig nou min. Hy sê vir hulle dat hulle Hom nog 'n rukkie sal sien en dan vir 'n rukkie nie en dan na 'n rukkie sal hulle Hom weer sien. Ek dink Hy praat natuurlik van Sy opstanding, maar ek dink Hy praat oor 'n groter teenwoordigheid. In die woorde wat Hy gepraat het net voor dit en ook vroeër, het Hy aanmekaar vir hulle gesê dat die Hy hulle nie as weeskinders gaan agterlaat nie, maar dat Hy die Heilige Gees sal stuur, Sy Gees, om vir altyd by hulle en ons te wees.

Ons weet dat die dissipels Jesus na Jesus se opstanding Jesus vir 'n kort rukkie gesien het, maar na Sy hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees was dit anders. Toe kon hulle Hom geestelik "sien," hulle kon die werking van Jesus se Gees in hulle sien. Dis soos die wind, jy sien nie die wind nie, maar net die effek van die wind. Sit nou maar net 'n papiertjie vir 'n waaier. Of 'n kers. Dit is hoe die dissipels en ons wat Jesus volg Jesus kan sien.

Ons sien Hom in Sy werking in ons lewens, en in die van ander en in die van Sy kerk en in die wêreld. Mense kom nog tot bekering. Mense verander hulle bese wêre. Verhoudings word herstel.

Jesus het ons sy hart gewys. Hy wil nie hulle moet afvallig word nie. Hy gee die Gees van die Waarheid. Nie die Gees van halwe waarhede of leuens nie. Dis God se hart dat ons die waarheid moet hoor en leer en in dit leef.

Maar wat ek hou van Jesus is dat Hy God is, wat saam met ons die pad deur Sy Heilige Gees loop, in 'n lewe wat Hy verstaan en self beleef het. As God in die hemel gebly, sou Hy nooit heeltemal verstaan het, wat dit is om versoek te word nie en wat dit veral is om hooploos en God verlate te voel nie.

Maar omdat Jesus as mens alles beleef het wat ons beleef en versoek is en deur God aan die kruis verlaat is, is Hy die perfekte persoon om ons in tye van swaarkry, en hartseer en pyn en 'n gevoel van waar is God, by te staan? Hy is daar as jy en ek vrae vra soos, hoekom doen Hy dit? Of hoekom laat Hy dit toe?

En dis die wonder van God en dis wonder van Jesus en dis wonder van die Bybel. God weet dat as gevolg van die sonde in die paradys, dat die aarde hard geword het. Dat die lewe op aarde hard sal wees en moeilik sal wees. En dat mense soms diep seerkry en sukkel om hartseer en emosionele pyn te verstaan en te verwerk. En Hy weet dat mense sukkel om regtig vreugde as kinders van God te beleef.

**Johannes 16:20**

As Jesus, die Seun van God vir jou sê, "dit verseker Ek jou," kan jy weet dat die verseker so sal wees. Dis nie 'n "maybe," ons-sal-maar-sien nie. Dis waar en vas. En wat is waar en vas? Ek glo niemand van ons wens hartseer en trauma vir onself nie. "Here, dit het nou lank goed gegaan, dis nou weer tyd dat ek swaarkry, sodat ek kan huil en treur." Is dit wat jy graag bid?

Ek hoef nie daarvoor te bid nie, dit kom sommer van self. Nee ek dink almal van ons sal graag 'n lewe wil lei waarin daar nooit dood, en pyn en hartseer en tranes en ongeluk sal beleef nie. Maar daar is. En Jesus weet dit en Hy help ons in sulke situasies en deur sulke situasies.

Ons as mense is nogal geneig om die swaar gewig goed van die lewe aan die dunste drade te hang. Ons geluk en ons vreugde en ons vrede, aan dinge wat maklik kan breek, vasmaak.

Ons geluk hang af van ons gesondheid, of ons kinders of ons familie of ons werk of ons besitting. Dit is alles wonderlike goed om te, maar niks van daai goed bring blywende geluk en vreugde nie, want as ons van hierdie goed verloor, en ons kan verseker wees ons sal van dit verloor, dan is ons geluk weg. Die dinge van hierdie wêreld hang aan 'n dun draad van verganklikheid.

En baie dan bevraagteken mense God en raak selfs kwaad vir God, soveel so dat van hulle heeltemal die rug op God en die Christelike geloof draai.

### **Waarom gebeur dit?**

- Dit gebeur soms dat ons as mense, 'n verkeerde begrip van God het. Baie mense dink as ek die Here gekies het, en as ek in die Here glo, en ek is nou Sy kind en ek lees my Bybel elke dag en bid en werk hard vir Sy Koninkryk, dan sal daar nooit iets slegs met my gebeur nie. Dis bloot net nie waar nie.
- Mense sê soms jy moet net geloof hê. As ons net hard genoeg glo en bid, dan sal die slegte goed verby gaan. So, die fout lê dus by jou geloof. Jy moet net harder geglo het, dan sou die goed nie gebeur het nie.

Nou wil Jesus ons leer dat die opgestane Here Jesus sal ons smarte verander in blywende vreugde terwyl ons na Hom kyk in geloof en gebed. Nie wegvat nie, maar verander in vreugde en vrede.

### **Die Heilige Gees wil ons leer dat:**

- **Ons sal smarte in hierdie wêreld hê**

Jesus self het pyn, hartseer en verlatenheid beleef wat onbeskryflik is. Jesus sê vir Sy dissipels dat hulle ook gaan smart beleef, dit is hulle nie gevrywaar nie. Hulle gaan beleef hoe Hy gearresteer gaan word, onskuldig skuldig bevind gaan word. 39 hou op Sy rug gaan kry, wat Sy rug uitmekaar gaan skeur en dan op 'n harde ruwe kruis, wat vol splinters was vasgespyker gaan word. Dalk hang die reuk van bloed, van die vorige persoon wat gekruisig op daardie kruis, nog in die lug.

Ons het die afgelope jaar beleef hoe vinnig vreugde in onbeskryflike pyn verander. Baie van ons mense het geliefdes aan die dood moes afstaan. So 'n dood, bring groot en onbeskryflike pyn en hartseer en vrae. En wat die Heilige Gees ons wil leer is dat ons diepe hartseer en rou nie ongeestelik is nie. Al weet ons ons geliefdes is by die Here en al sit ons, ons vertrou op God, is die smart steeds met ons. En Hy wil ons leer om uit smart en met smart vreugde te kan beleef.

Ek lees van 'n predikant wat toe hy so in sy dertigs was, sy dogtertjie aan die dood moes afstaan. Hulle het so gebid vir haar genesing en tog is sy dood. 40 jaar later het hy in 'n preek vertel dat die hartseer en smart steeds vlak lê en deel van sy lewe is, maar dat hy dag vir dag sy vreugde en vrede in die Here vind.

Ons smart is anders as die van die wêreld, want dis wat Jesus ons wil leer, ons het die Heilige Gees, die Trooster God, saam met ons die pad loop en ons het 'n Goddelike hoop. Ons soek ons troos in die Here, en dat Hy ons deur smart vreugde wil laat beleef.

- **Smart omdat ons teleurgesteld is**

Almal van ons het al gehoop en gebid vir 'n saak en dan het dit anders uitgedraai en dan is ons diep teleurgesteld, veral in God. Die dissipels het verseker smart beleef omdat hulle teleurgesteld is. Hulle het oor die jare wat hulle saam met Jesus geloop het, agterkom wie Jesus regtig was. Hy is die Seun van God. Die Messias wat die Ou Testament voorspel het. En nou,

nou praat Hy van weggaan en doodgaan, dit terwyl hulle steeds onder die Romeinse ryk moet aangaan. Sou die Messias hulle nie kom verlosser het van die Romeinse ryk nie? En nou gaan Hy dood.

- **Smart omdat ons God nie verstaan nie**

Die dissipels het Jesus by hulle gehad en dan steeds verstaan hulle Hom verkeerd. Hy sê Hy gaan weg en dan na 'n kort rukkie sal hulle Hom weer sien. En dan verstaan hulle dit nie en redeneer hulle onder mekaar, in plaas van dat hulle reguit met Jesus praat. Hoeveel keer het Hy nie vir hulle gesê dat Jerusalem toe gaan om te ly en te sterf, steeds verstaan hulle Hom verkeerd.

Ons verstaan steeds dat God moet doen soos ek wil en dit vir my lekker wees, in plaas van dat ons eers Sy Koninkryk soek en Sy wil.

### **Johannes 16:20b**

- **Uit smart word vreugde gebore - Johannes 16:21**

Vrouens wat natuurlik moes geboorte gee, weet dat voordat daardie kindjie gebore word, is daar maande se swaar, en pyn en dan nog die geboorte ook. Maar interessant, dit wat die pyn veroorsaak, veroorsaak ook die grootste vreugde.

Jesus kon vir hulle gesê het: *“Ruk julle self reg, Ek is alwetend en Ek weet hoe alles gaan eindig.”* Maar Hy weet dat Hyself deur die helse pyn van die kruis moet gaan voordat Hy die vreugde van die opstanding sal beleef. Nooit ooit sal Hy sê as ons hartseer is of smart beleef dat ons is 'n swakkeling, of ons glo nie genoeg nie. Hyself was daardeur.

### **Johannes 16:22**

Dieselfde aksie wat die smart bring vir die dissipels bring vir hulle blydschap. Want deur die kruis word hulle van sonde en die dood gered. Die opstanding en die uitstorting van die Heilige Gees het die dissipels verander van bang en verslae manne, na manne wat nie kon ophou praat oor Jesus nie, soveel so dat hulle vir daardie getuienis doodgemaak is.

So omdat Jesus deur Sy opstanding die angel van die dood oorwin het, bring selfs die dood, jou eie dood of pyn en hartseer en die dood en pyn en hartseer van jou geliefde nie 'n einde aan jou blydschap nie.

Hierdie is 'n dik, onbreekbare tou waaraan ons geluk en vreugde hang, niks wat met ons of ons geliefdes gebeur en kan gebeur behoort daardie tou te breek nie, omdat dit geanker is Jesus.

### **Hoe verander Jesus ons smart in vreugde?**

- **Die kruis**

Dit was sekerlik vir die dissipels verskriklik om hulle Meester stukkend geslaan te sien hang aan 'n kruis. Niks kon hulle vir dit voor berei het nie. Ek weet nie of jy die *“The Passion of the Christ”* gesien het nie, maar daar word die lyding van Jesus nogal erg visueel uitgebeeld, soveel so dat een film kritikus gesê het dat dit was verreweg die gewelddadigste flik wat hy nog ooit gesien het.

Die kruis was 'n skande. Dis nie iets waarmee jy geloop en *“brag”* het: *“Ons Here het aan 'n kruis gesterf,”* nie.

### **Hebreërs 12:2b**

Tog kon hulle nie stil oor die kruis van Jesus nie. Dit is die draaipunt in enige mense se lewe, jou sonde, siekte, swaarkry en dood, word oorskadu deur die heerlijkheid van die kruis en die oorwinning wat Jesus daar oor siekte, pyn en hartseer behaal het.

### **1 Petrus 2:24**

Ek dink ons verstaan die konsep van hartseer en vreugde as twee “opposites.” Jesus sê nie dat Hy ons harsteer en smart met vreugde sal vervang nie. Soos wat ’n kind wat gebore word die bron van pyn en vreugde is, so sal Jesus uit smart vreugde laat gebore word. Ja dis pynvol, en die herinneringe is pynvol, maar die wat in Jesus glo, weet aan die kruis is daar vir die wat glo, Sy kinders genesing vir hulle emosionele, geestelike wonde.

### **Romeine 8:18**

#### **• ’n Ewigheidsperspektief- Psalm 73:1-3, 13-14 en 21-26**

Niks kan ons van die liefde van God skei nie. As Hy ons een maal lief het, het Hy ons vir altyd lief. Ons weet dat hulle wat voor ons al na die Here gegaan het, reeds die ewige heerlijkheid van God se teenwoordigheid beleef. Asaf, die skrywer van Psalm 73 is depressief toe dit vir hom lyk dat die altyd goed gaan met die goddeloses.

As die wêreld jou anker is gaan jou geluk en vreugde aan skerwe breek, maar hoor wat sê Asaf. “Die Here vat my hand, ek sal weer bly wees. Al is my liggaam en siel en gees afgetakel “ek behoort aan God vir altyd.” Dis ’n stewige ankertou waaraan jy jou vreugde en geluk kan hang.

### **Barmhartigheid - Johannes 16:23-24**

Uit God se genade en barmhartigheid word vreugde gebore. Dit belangrik dat in jou vra jou fokus altyd God se eer ingedagte het en ook die bevordering van Sy Koninkryk. Ek het al vir baie mense en goed gebid, en dan gebeur iets anders. En dan eers later verstaan ek dat ek steeds in my opregte vra verkeerd was want my fokus was steeds op my. As goed anders verloop as wat ek vra, moet ek aanvaar dat God se wil was anders en dan kan ek my vreugde daarin soek dat Hy my genadig sal wees.

### **Waarom smart?**

### **Jakobus 1:2-4**

Sien alle beproewings en hartseer as groei geleentheid. Ons is geneig as groot smart ons tref ons minder tyd met God spandeer. En dit is die fout. Juis in hierdie onverklaarbare tye van beproewings en smart moet ons meer tyd met Hom spandeer, sodat Hy ons kan troos en leer.

En deur ons swaarkry wil Hy ons sterk maak sodat ons ander mense weer kan leer. Al wat ek weet God sal nooit iets oor ons laat kom sommer maar net om ons te laat swaarkry, net omdat Hy kan. As jy swaarkry beleef onthou Jesus vat smart en uit dit laat Hy vreugde en vrede voort kom. Vreugde en vrede wat nie ek of jy kan bewerk nie. Jy kry dit net met God, en jy kry dit by God as jy by God sit met jou onvrede en nie-vreugde nie.

Jou hart kan dalk verpletter en stukkend wees, maar as jou lewe in Jesus is sal daar altyd ’n lied in jou hart wees.